# 210 Jesus is my Heer en Herder




Hy lei my op veil'ge paaie
waar die lewenswater vloei;
lei my steeds na goene weiding
waar geen skerpe dorings groei;
en ek hoor sy stem so teer,
en verbly my in die Heer.

Moet ek met die dood eens worstel,
is dit donker rondom my,
nogtans hoef ek nie te vrees nie,
want die Herder is naby.
Hy gee krag in sterwensnood,
self by aanblik van die dood.

Onbekend W.L. Viner (1790-1867)